# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

Jaargang 5 Volume 9 SEPTEMBER 1992 Prys R1.5



Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop

Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.

Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.


## MARCELLE WEER SPRINGBOK

Marcelle, seun van Tol en Hannetjie Calitz is so pas vir die Springbok kragoptelspan gekies. D span sal in November aan die Wêreldkampioenskappe deelneem. Die puntetotaal wat hy op die onlangse Suid-Afrikaanse kampioenskappe behaal het, plaas hom tans onder die eerste vyf optellers in sy gewigsgrens hierdie jaar.



Marcelle het reeds in 1988 sy slag gewys toe hy as Junior Springbok, die Junior Wêreldkampioenskappe in Amerika gewen het.

Indien Marcelle die nodige fondse kan bekom om in November na Londen te gaan, staan hy beslis 'n goeie kans om weer met die louere weg te stap. Zastronners wat dalk kan help, kan met mnr. en mev. Tol Calitz skakel vir verdere besonderhede.

## SCORE HET OORGENEEM

Score Supermark het vandeesmaand amptelik by Fairways oorgeneem. Die bestuurder, mnr. Ben Liebowitz het vertel dat hul graag 'n goeie diens aan die publiek wil lewer deur genoegsame voorraad aan te hou. Die publiek moet vry voel om probleme te kom bespreek en die personeel sal hul bes probeer om te help. Besigheidsure is ook verander om Zastronners beter te pas: Maandae - Donderdae vanaf 08h00 - 17h30; Vrydae 08h00 tot 18h00; Saterdae 08h00 - 13h00.

## ONDERSTEUN AASVOËLAAND

'n Voorligtingsaand word op Saterdag, 3 Oktober deur die Bewarea, in samewerking met die Aasvoëlstudiegroep van Johannesburg aangebied. Dit beloof om 'n baie interessant aand te wees. Daar sal 'n skyfie vertoning gehou word en daar sal geleentheid vir bespreking wees. Die funksie vind in die stadsaal plaas en na die tyd sal 'n gratis braaivleis gehou word. Die Bewarea spreek die vertroue uit dat soveel belangstellendes as moontlik die aand sal bywoon sodat daar saam na 'n oplossing gesoek kan word om die skaars aasvoëls te red.


ZASTRON APTEEK
Gesondheidsorg & Diens

PLUS


'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN
*Revlon*
*Alexandra de Markoff*
*Yardley*
*Innoxa*

Maandeliks Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

TEL (05542) 54 & 355 (huis) 546 * Posbus 400 * Zastron 9950

# EIENDOMME PROPERTIES



No Deal Too Big Or Too Small
Geen Transaksie Te Groot Of Te Klein

***KONTAK BABS CUSENS***
***TEL. 36 OF NA URE 430***



Geregistreer by:
Alex Thornhill
Eiendomme, Kimberley


# REDAKSIONEEL



## 'N HELPENDE HAND IN NOOD

'n Monsterprobleem het die moderne mens in sy magtige kloue: Te midde van weelderige welvaart en oorvloed enersyds, is miljoene mense andersyds besig om honger te ly, bejaardes in die skemer van hul lewe, bekwame mense in die fleur van hul lewe, maar sonder werk, onskuldige kinders wat in armoede wegkwyn.


Maar wat is ons reaksie wanneer sulke dinge onder ons aandag gebring word? Dis ontstellend en ons skakel liewer die televisie en radio af of klap die koerant toe en troos ons dat dit ons nie werklik raak nie en dat die nood ver hiervandaan is.

Ongelukkig het die probeem van hongersnood en werklooshied reeds lankal deel van Zastron geword. Miskien trek u nou die skouers op en dink - almal kry vandag swaar en elkeen moet maar sy eie heil uitwerk. Dit is inderdaad waar, maar tog dink ek baie van ons weet nie regtig wat die woord swaarkry beteken nie! Kan ons wat elke dag genoeg het om te eet, ons werklik indink hoe dit moet voel om met leë mae te werk en te slaap? Kan ons wat nog genoeg het om van te leef, ons indink hoe dit voel om sonder werk te wees? Kan ons wat nog 'n huis het om in te woon of 'n plaas het om te bewerk, ons indink hoe dit voel as die voorreg jou ontneem word?

Hierdie is maar net 'n paar voorbeelde, maar kom ons huiwer nie langer....... kom ons help waar ons kan. En voor ons weer met 'n verskoning vorendag kom, kom ons gaan eerder op ons knieë en bid die ou middeleeuse gebed: "Ek is net één, maar ek tog één. Ek kan nie àlles doen nie, maar ek kan tog iéts doen. En omdat ek nie alles kan doen nie, laat my nooit weier om daardie iets te doen wat ek wel kan doen nie."

REDAKTRISE

# KANDIDATE VIR TUSSENTYDSE MUNISIPALE VERKIESING



**TOSSIE SMITH**

"Ek het my in 1970 op Zastron gevestig. My kwalifikasies is as volg: Matrikuleer aan die Hoërskool Zastron in 1983 en behaal die graad B.Proc aan die UOVS in 1988.

Op 1 Maart 1990 begin ek onder die naam van Malherbe, Saayman en Smith praktiseer en raak onmiddellik betrokke by die gemeenskap.

Ek het my permanent op Zastron gevestig en het al my belange hier belê. Die ontwikkeling, vooruitgang en toekoms van Zastron is vir my net so belangrik as vir elke inwoner en ek onderneem om my daarvoor te beywer. As daar probleme is en tariewe raak te hoog, dan raak dit my ook."

**NIC VAN RENSBURG**



"Ek stel myself verkiesbaar as raadslid en onderneem om met my kennis en ondervinding myself ten beste van my taak te kwyt tot voordeel van die gemeenskap van Zastron, indien ek verkies sou word.

Akademiese agtergrond: Slaag die kwalifiserende eksamen van - Die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad na behaal van grade - B.Com (Rekeningwetenskappe) en M.Com (Rekeningwetenskappe) aan die Universiteit van Pretoria.

Ek is ook lid van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooide Rekenmeesters en van die Instituut van Geoktrooide Rekenmeesters.

Ek praktiseer vir die afgelope 20 jaar op Zastron en het hier reeds gedien as lid van die Kerkraad en van die Beheerraad van Zastron. Verder tree ek ook as tesourier van die Gholfklub op.

**Die stemming vind op Woensdag, 7 Oktober 1992 plaas.**

# ONS WOON IN 'N VOORUITSTREWENDE DORP

Liewe vriende
Met die heerlike lente in die lug en alles rondom ons wat uit hul winterslaap ontwaak, voel Sinterklaas vandeesmaand dat ons do 'n pluimpie verdien. Ek dink ons dorp is netjies versorg - van die oomblik wat 'n mens die dorp binne ry, ervaar jy Zastron as mooi dorp. Het u al opgelet hoe netjies is die inwoners se tuine versorg? Ek dink dis wonderlik dat mense in hierdie moeilike t nog probeer om van hul tuine 'n vertoonvenster te maak. Ook aan ons strate word daar gewoel en gewerskaf om hulle in 'n bet toestand te kry. Ons het baie oor die strate gekla, maar dis miskien nodig dat ons ook 'n slag dankie sê vir die verbeteringe w reeds aangebring is. Die N.G. Kerk in die middel van die dorp lyk ook indrukwekkend met sy nuwe baadjie.

**Besighede**

Wat die sakedeel aanbetref, het ek 'n studie van elke advertensie in Die Zastronner gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat elke eintlik in sy eie reg 'n diens vir ons lewer. Dit is ook noemenswaardig dat wanneer besighede genader word om in Die Zastronn te adverteer, hul gesindheid altyd positief is. Ek dink ons aanvaar dit wat ons op die dorp het te veel uit gewoonte en vergeet d ons bevoorreg is om soveel hier te hê. Sonder om af te kraak, daar is baie plattelandse dorpe wat geen tekens van vooruitgang to nie. Op Zastron moet 'n nuwe intrekker spook om 'n huis in die hande te kry, terwyl ander plekke soos spookdorpe lyk met al d leë huise. Ons sakesentrum brei maandeliks uit. Kyk maar hoeveel besighede is nou in groter persele en hoeveel nuwe besighe het die afgelope tyd geopen. Soveel vooruitgang in 'n tyd waar geld skaars is, spreek boekdele.

Ek dink, al het ons soms onderlinge verskille, kan ons trots voel om inwoners van Zastron te wees, want as al bogenoemde fakto in aggeneem word, dan spreek die advertensie op die laaste blaai van Die Zastronner met reg - Zastron - die dorp met 'n toekom die dorp met groeikrag.

Groetnis
**Sinterklaas**

# BRIEWE

Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en ' volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Vrydag, 23 Oktobe 1992.

## ONDERSTEUN MEKAAR LIEWER EN DRA SO 'N POSITIEWE BEELD UIT

**Mnr. Nico Jansen, Posbus 300, Zastron skryf:**

Ek was nog altyd van mening dat Die Zastronner 'n vertoonvenster vir ons mooi dorp en sy gemeenskap is. Dit was goed om waar te neem hoe positief die inwoners, besoekers en toeriste ons dorp en sy mense ervaar het; hoe ons mekaar ondersteun en deur tye van siekte en dood dra - hoe ons deel in mekaar se lag en traan.

Dit is egter ontstellend om die afgelope tyd waar te neem hoe Die Zastronner 'n medium vir galbraak geword het. Sinterklaas en ander kritiseer en bevraagteken omtrent alles wat eie is of wat goed bedoel is. Sommige inwoners takel mekaar, die Raad en ander instellings oor die ambulans, toelaes, strate, tariewe, kerk, Zastronner, ens. ens. Dit alles dra 'n negatiewe beeld van ons dorp en sy gemeenskap uit; om te oorleef sal ons dorp 'n positiewe beeld na buite moet uitdra.

Sal dit nie beter wees om in sake van verskil die christelike weg te volg deur dit met die betrokkenes, buite die pers, te probeer skik nie?

Ek wil vra dat ons daarteen sal waak om afbrekend te kritiseer, te veroordeel, te haat, te spot of jaloers te wees. Verder, vergeef volkome! Kry veral ou griewe uit jou sisteem deur die christelike weg te volg: (Matt.18:15-17) "Vergewe veral jouself, maar ook jou medemens, vir foute en misstappe van die verlede."

Is hierdie tweedrag op Zastron nie daarvoor verantwoordelik dat geen Zastronner nog 'n hoë openbare posisie (LV, LPR of LP) kon behaal soos op ons buurdorpe nie? Kon Zastron nie ookal 'n Jim Fouche, Kosie Pansegrouw en Hendrik Sm soos Rouxville of 'n Char Smith en Louis Badenho soos Wepener gelewer het ni Zastronners ondersteun meka egter net eenvoudig nie! ons dus niks goeds van iema kan sê nie - bly dan liew stil!


MALHERBE, SAAYMAN & SMITH
Prokureurs Notarisse
Taksateurs
Eiendomsagente
Transportbesorgers
Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
9950
Tel. & Faks 05542-39&6



ONS KRUIK
Matheestr. 26, Zastror
Vars Blomme

Bestel nou
somerplantjies
& struike
TEL. 38

# BRIEWE (VERVOLG)

## 'N SWART LYS KAN DALK HELP DAT SKULD BETAAL WORD



**Moeg vir slegte skuld van Zastron skryf:**
Dis harsteer as 'n mens hoor dat 'n eienaar van 'n besigheid, wat in finansiële moeilikheid is, eintlik sy deure moet sluit as gevolg van slegte skulde. In die huidige ekonomie is dit te verstane dat almal swaar trek, maar dit is geen verskoning om na te laat om mense te betaal nie. As besigheidsman maak dit 'n mens kwaad, as jy naderhand by die bank spesiale reëlings moet tref en sekuriteit moet aanbied, om ander se skuld te delg.

Is dit nie tyd dat ons met groter omsigtigheid na ons geldsake kyk en doodseker maak dat ons iets kan bekostig voordat ons skuld maak nie. Ek praat uit ondervinding, die meeste mense wat ander geld skuld, kan wel betaal, maar versuim sommer uit slegtigheid. Ek het al selfs gesien dat mense wat my geld skuld skielik 'n nuwe motor bestuur of dat honderde rande se drank gekoop word.

Daar is seker nie 'n besigheid op die dorp wat nie deur slegte skulde geknak word nie. Besighede word dan genoodsaak om hulle dienste af te skaal en dit strek weer tot nadeel van die gemeenskap. Ek dink die enigste plek waar skuld toegelaat moet word, is by banke.

Ek het al lankal gewonder of die sake gemeenskap nie 'n swart lys moet opstel van mense wat versuim om hul skulde te vereffen nie. Op so 'n wyse kan sulke mense dan nêrens krediet in die dorp kry nie totdat hulle hulself as kredietwaardig bewys het.

# BAIE DANKIE

**Mnr. P.C. Rochér skryf:** Namens die Hoërskool Zastron 'n woord van opregte dank aan die S.A.P., Munisipaliteit en Kommando vir hulp die afgelope tyd aan ons skool gelewer. 'n Sprekende voorbeeld hiervan was die brand naby die skool, toe die Polisie, Munisipaliteit en individuele Kommandolede gou op die toneel was om die brand onder beheer te kry. U opoffering in belang van ons skool en kinders word opreg waardeer.

**Mev. Susan Swanepoel en kinders** wil graag vir al die Zastronners baie dankie sê vir hul meegevoel betuig met die afsterwe van Martiens. Die meelewing was vir ons 'n groot stut en steun in ons donker ure. Dankie vir al die blomme, kransies en kaartjies, asook die besoeke.


NEVES KAFEE
Matheestraat
Zastron
TEL. 532





Spesiale Aanbiedinge
Elke Maand
Kom kyk gerus


**Hein Rautenbach en kinders** wil graag baie dankie sê vir finansiële bydraes en ander skenkings wat die afgelope tyd ontvang is. Ons waardeer dit opreg. Baie dankie ook aan almal wat ons ondersteun het met Ilse se afsterwe.

**Bellie Fonternel van Zastron skryf:** Ek wil hiermee aan Kotie baie dankie sê dat ons tydens my pa se siekte en afsterwe op George kon wees. As gevolg van sy eie siekte, weet ek hoe groot die opoffering van sy kant wel was. 'n Groot dankie aan hom en my kinders vir die troos en ondersteuning. Julle is vir my dierbaar. En aan al die liewe mense op Zastron, baie dankie vir gebede, oproepe en medelye. Julle verryk my lewe.

**Katy de Villiers** wil graag almal bedank vir die belangstelling tydens my ongesteldheid. Wees verseker ek waardeer elke oproep, kaartjie en al die gebede.

**Rema van Rooyen skryf:** Tydens my onlangse ongesteldheid is ek oorweldig deur liefdevolle besorgdheid. Baie dankie aan al my vriende vir besoeke, telegramme, briewe en kaartjies, gebede, eetgoed, pragtige ruikers en blomplante en oproepe na Benoni.

Baie dankie ook aan dss. Nico en Paul, dr. Van Zyl, die matrone en personeel van Zastron Hospitaal vir hulle bystand. Dit alles - soos net Zastron dit kan gee - word opreg waardeer.

**Anton Scorrano en familie skryf:** Baie dankie vir u handdruk, telefoonoproep, ruikers, kaartjies en eetgoed wat ons ontvang het met die afsterwe van ons geliefde eggenoot, ma en ouma. Weet dat dit opreg waardeer word.

**Mnr. Tommie Jordaan, Papelotte, Zastron skryf:** Ek wil graag almal bedank wat die afgelope maand kom help het om die groot veldbrande op die plaas te blus. Dit is onmoontlik om almal persoonlik te bedank, maar weet dat ek die hulp opreg waardeer het.


Finansiële Adviesdiens
OU MUTUAL
Kry meer uit die lewe
Kontak Frik Smit
Tel. 131
Ou Mutual
VLK-gebou
Zastron
MUTUAL & FEDERAL VERSEKERING
rotsvas

## THE LIONS CELEBRATE 75 YEARS

**The Lions, P.O. Box 35, Zastron write:** Seventy-five years ago, Chicago businessman, Melvin Jones founded what is today the world's largest humanitarian service organization - The International Association of Lions Clubs. Jones' idea was to utilize the resources of businessmen an other professionals to benefit communities and people in need. Today, his vision lives on through 1.4 million members throughout the world.

The mission of Lions clubs was altered forever by Helen Keller, who, in a moving speech at their 1925 International Convention, challenged the group to adopt the cause of the visually handicapped by becoming "knights of the blind in the crusade against darkness." The challenge was accepted and, since then, Lions have become leaders in the fight against visual impairments. This role took on its greatest significance in 1990 when Lions launched Sight-First, a R380 million initiative to rid the world of preventable and reversible blindness.

In addition to its global programs, each Lions club works at a grass roots level to identify local needs and improve the quality of life within its own community. In fact, you may not know that in Zastron Lions are responsible for the High School, Pinnochio School, Huis Vergesig, blind people, diabetes, as well as cancer patients. The men and women who are members of Lions Club International take great pride in celebrating 75 years of service achievements. If you would like to know more about our work with the visually impaired, diabetes education or drug abuse prevention, contact your local Lions Club.




## JUWEELTJIES OOR MY PA VAN DIE PRIMÊRE AFDELING

### Hoërskool Zastron

"My Pa is 'n man met breu skouers 'n boepie en 'n krom neus. Glo my, my pa probeer gewig verloor, maar hy sal nooeit gewig verloor, want hy eet hopeloos te veel lekkers. My pa maak grappies en terg jou. My pa hou ook baie van sport en as dit rugby is skreu hy jou ore van jou kop af. In die nag snork hy so dat jy nie kan slaap nie, maar ma sê die goue reel is om voor hom aan die slaap te raak. Boetie sê pa het dalk tussen die varke groot geword en probeer om soos hulle te snork en nou oefin hy dit sommer elke aand. Ek wonder of hy nie dalk tussen die beeste gebly het nie en geleer het om amekaar te peesel. Nou ja dit is my pa en al terg hy jou soms en iteer hy jou met sy gesnork. Is ek nog baie lief vir hom."

******************

"My Pa het 'n ronde vet maag. En Hy rook altyd pyp as ek hom sien. My pa pas nie eens in sy klere nie. My pa is altyd vreeslik haastig. Sy neus is ook baie klein. My pa is baie klein teen die ander ooms. My pa het die vakansie nege-en-dertig geword. My pa is baie slim in tafels. Hy kon nie fietsry nie. My pa is ook slim met rekenare. My pa en my oupa het altwee vet mage. My pa het sy eie werk. My pa was eers 'n polisieman. Hy kan alles regmaak. My pa boer met skape en beeste."

******************

"My pa is 'n lekker groot ronde man met 'n baard en 'n snor. Hy is ook fris gebou. Pappa help my met my toesprake en deel altyd soentjies uit. As mamma sê ons moet dam toe gaan sê hy net nou kom ons gaan. Op 'n Sondag vat pappa ons hotel toe om daar te gaan eet. Pappa het ook die mooiste musiek. Op Saterdae middae speel pa vir ons sy mooiste musiek. Ek is lief vir my pa en ek sal altyd vir hom lief wees. Pappa het 'n groot werk. En moet altyd Johannesburg toe gaan. Pappa het Dinsdag gery en eers Saterdag het ek hom gesien. Pappa is altyd behulpsaam. Partykeer braai pappa vir ons vleis en maak rooster brood met botter, tamatie en gesmelde kaas daarop. Pappa wen altyd met pootjiekos. My pa is 'n ster."

# ZASTRON SLAGHUIS

**HOOFDSTRAAT 25** **TEL. 20**

---

## SPESIALE AANBOD

**Stowe beesvleis (Borsstuk, Kort rib, beesrib) @ R6.50 per kg**

**T.Beenskyf/T.Bones @ R8.80 per kg**

**Skyf/Tend Steak @ R8.80 per kg**

**Skaaprib - nek/Mutton rib - neck @ R7.70 per kg**

**Nou ook lekker "Tiemie wors" @ R7.90 per kg**

---

Eiers vanaf R2.86 per dosyn. BTW ingesluit

---

**AANBOD SLEGS GELDIG VIR**
**30 SEPTEMBER, 1 OKTOBER**
**2 OKTOBER EN 3 OKTOBER**

*MOENIE DIE AANBOD MISLOOP NIE!*

# NUUSBROKKIES

**Geboortes**

Nellis en Antoinette Wilken van Rouxville het 'n dogtertjie ryker geword op 7 September.

Martie Smit het op 17 September geboorte geskenk aan 'n seun. Dit is haar derde kind. Martie se man, Fanie, is tragies vroeër vanjaar in 'n skiet-voorval op die Sterkspruit-pad gedood.

'n Dogtertjie is vir Paul en Susan Welstead gebore op 20 September. Dit is hul derde kind.

Herman en Ronel van der Merwe se eersteling, 'n seuntjie is op 22 September in Bloemfontein gebore.

**Heengegaan**

Op 1 September is mnr. Johannes Coetzer van Chasestraat, Zastron oorlede.

Mnr. Connie Kühn is op 2 September oorlede in die ouderdom van 57 jaar. Sy dood word ook betreur daar hy 'n getroue ondersteuner van Die Zastronner was en voor sy siekte graag gehelp het om foto's vir die koerant te neem.

Mnr. Marthinus Swanepoel is ook op 2 September oorlede. Hy was 77 jaar oud.

Op 8 September is mev. Maria Myburgh oorlede. Sy was 75 jaar oud.

Mnr. Hannes van Straaten is op 18 September in die ouderdom van 86 jaar oorlede.

Mnr. Soppie Barnard, vader van mev. Bellie Fonternel, is op 7 September te George oorlede. Hy was 73 jaar oud.

**Nuwe Intrekkers**

Mnr. P.F. Holz, Oranjestraat 14, Zastron en mev. E. Doll, Matheestraat, Zastron.

**Oktober-Verjaardae**
**N.G. Kerk Zastron**

1 Lorraine Naude
2 Lena Hoffman
3 Liefie Smith, Hansie Calitz
4 Anton Naude, Elsie Lourens
5 Boer Greyling, Lucy Fouche, J.L. Mans
6 Ivan Maree, Hannetjie Calitz
7 Ria Webb, Walter van Vuuren
8 Tossie Smith
9 Anna Muller
10 Ben Matthee, Susan van Rensburg, Ossie Venter, Annatjie Coetzee
11 Nico Carstens, Hennie van Dyk, Flip Snyman, Cor van Rensburg
12 Martha Steyn
13 Rema van Rooyen
14 Wicus Fouche
15 Elana Klopper
16 Dirk Kriel, Chris Crous
19 Marie Venter, Hercules du Bruyn
20 Anton Scorrano, Naude van Reenen,
21 Marina Kramer, Sonja Alberts
22 Elize Jansen, Lampies Lamprecht, Manie Botha
23 Marie van Tonder, Petro van der Merwe, Emmerentia Meades
26 Magdalena Keyser, Ludwig Deetlefs,
27 Elize Steyn
28 Chris Jacobs, Magriet McCallaghan
30 Rona Hertzog, Katy de Villiers
31 Piet Fonternel, Frik Hertzog, Sus Olivier, Ria Naude

**Vanstadensrus**

8 Annatjie Wessels, Pietie Bruwer
9 Monkey Thörmahlen
12 Neels Wilken
14 Bettie du Plessis
25 Koki Thörmahlen
27 Esna Wilken

CALEDON
MAKELAARS BK
*U onafhanklike Versekerings-makelaars*
U het ons nodig indien u voel dat u -
* PREMIES TE HOOG IS
* PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD
* ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG
ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES
Skakel vandag nog
ZASTRON TEL. 259

Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP
VANANCO
*Groothandelaars*
ZASTRON
AGENTE VIR
Sentraalwes (Koöp) Bpk
Sasko
*Kom vergelyk ons pryse*
VRA VIR RONNIE OF MIKE
TEL. 346 179

**Algemeen**

Herman, seun van Adam en Lucy Fouche, het sy doktorsgraad tydens die gradeplegtigheid van die UOVS ontvang. Herman is tans Assistent-Direkteur by die Weidingsafdeling te Glen.

Janke Cronjé van die plaas, Trianon, Boesmanskop het ook gedurende dié plegtigheid sy M.Sc-graad ontvang.

Zastron beskik nou ook oor die dienste van twee Fisioterapeute van Aliwal-Noord. Hulle besoek die dorp op Woensdae en het 'n lokaal by die spreekkamer van Dr. Swartz & Van Rooyen.

**Misdaad**

Op 3 September is 'n trapfiets by die huis van mnr. Cassie Cordier gesteel. 'n Swart kind is op 6 September op heterdaad betrap toe hy by The Big Time Kafee ingebreek het. Op 20 September is twee voertuie op die Sterkspruit-pad voorgekeer en twaalf sakke dagga is in hul besit gevind.

Verskeie veediefstalle het voorgekom: Op die plaas, Maghaleen is nege beeste gesteel, op Pietersfontein van mnr. Hansie Calitz 4 merino hammels. Mnr. Basie de Klerk vermis 18 skape en op Watershed van mnr. Carl Nortier is vier skape gesteel. Op Kornet-spruit vyf skape en mnr. Piet Labuschagne vermis 42 skape te Eldorado. Mnr. Daan Bekker vermis twee skape op Klein Mooifontein.

## PLESIERRIT

Die Rapportryers bied op 10 Oktober 'n Plesierrit aan. Belangstellendes vertrek om 08h00 vanaf Brokskloof. Die koste beloop R10 per volwassene en R5 per kind. Middagete is ingesluit. Almal is baie welkom.

# OUD-ZASTRONNERS PRESTEER

Juanné Jordaan in aksie



## LANDLOOP

Die twaalfjarige Juanné Jordaan het vanjaar weer bewys dat sy 'n kranige landloop atleet is. Op 22 Augustus tydens die Vrystaat Kampioenskappe het sy tweede geëindig in haar afdeling en 'n silwer medalje verower. Dit was dan ook die derde keer wat Juanné haar Vrystaat kleure verower het.

### S.A. Kampioenskappe

Op 5 September was die groot dag te Verwoerdburg en in die onder 13-afdeling het 84 deelnemers weggespring. Juanné het die mooi prestasie behaal deur agtste te eindig. 'n Verdere eer het haar ook te beurt geval toe sy en drie ander lede van die Vrystaat A-span bekroon is met goue medaljes vir die beste span vertoning.

Juanné Jordaan is tans 'n St. 4-leerling van die Oranje Meisiesskool te Bloemfontein en die jongste dogter van mnr. en mev. Dawid Jordaan van Zastron.

**FOTO REGS:** 'n Trotse Rassie Breytenbach (regs) ontvang die beker vir die wenspan na Glen se oorwinning tydens die wintervakansie in die rugbytoernooi van die S.A. Landboukolleges. Dit word oorhandig deur mnr. Tobie Meyer, adjunkminister van Landbou.


**BOOTS - 'N - ALL**

*Posbus 449*
*Zastron*

*TEL. 206*

Pragtige kleure Penquin wol

Materiale, Skoene, Baba-afdeling

Skryfbehoeftes & Speelgoed

Alle naaldwerk-benodigdhede

BESOEK ONS OOK VIR

*Groot verskeidenheid mansklere (alle grotes)*

*Groot verskeidenheid seuns- en meisiesklere*

Eienaars: Mevv. H. Labuschagne & C. Cruywagen




## RUGBY

Die ouerharte van mnr. en mev. Rassie Breytenbach, van die plaas Wynendal, Boesmanskop, het na die afgelope wintervakansie warm en trots geklop toe die jaarlikse week van Suid-Afrikaanse Landboukolleges afgehandel is.

Hoekom? Hul seun, Rassie, was nie alleen kaptein van die wenspan Glen nie, maar hy is ook daarna gekies vir die span van die Suid Afrikaanse Landboukolleges.

Rassie jr. is een van die talle oud-skoliere van Zastron wat uitblink en wat ook aantoon dat daar niks verkeerd is met die gehalte van skoliere aan die plaaslike Hërskool nie. Om kaptein van 'n landboukollege soos Glen te wees, moet 'n man nie alleen sy plek in die span kan volstaan nie, maar moet hy ook leierseienskappe hê.

Dit alles het Rassie en dis eers wanneer mens met hom gesels dat jy besef hier is 'n jong man met die nodige deursettingsvermoë wat sy plek vanaf aanstaande jaar op Zastron kan volstaan. Ja, dit is so. Rassie kom boer.

### Prestasies

Hier is Rassie se "baanrekord." In 1983 speel hy Cravenweek vir die onder dertiens, in 1988 is hy kaptein van Zastron Hoërskool se Eerste Span, in 1990 speel hy tydens sy diensplig vir die Weermag in Walvisbaai, verlede jaar speel hy vir die eerste keer vir Glen en vanjaar is hy kaptein en haal hy die span van Suid-Afrikaanse Landbou-kolleges. Mooi so!

DIE UNIE DRANKWINKEL
Bus 2
Tel. 36
Ons waarborg persoonlike aandag
Dawid & Elsabe Jordaan

ZASTRON BANDE
SUPA QUICK
TEL. 385
Bande
Volledige wielsporing met gerekenariseerde masjien
Skokbrekers
Uitlaatstelsels
"Towbars"
"Bullbars"
PUIK DIENSTE ALLE TYE

# UITSLAE - ZASTRON VETVEEVEILING

Op 27 Augustus is 'n die jaarlikse vetveeveiling op Zastron deur Vleissentraal gehou.

Die uitslae was as volg:
Beste paar slagosse: Adam Fouche, Camelot, Zastron.
Beste kraal (5 of meer) speenkalf: Piet Swart, Axel, Zastron.
Beste kraal (5 of meer) slagkoeie: **Piet Swart, Axel, Zastron.**
Kampioen slagbees: **Piet Swart, Axel, Zastron.**
Beste kraal hammels 10 of meer: **Gawie Schoeman, Zastron.**
Beste kraal lammers 10 of meer: A.J. van Tonder, Weltevrede, Zastron.
Beste kraal slagooie 10 of meer: **Gawie Schoeman, Zastron.**
Kampioen kraal slagskape: **Gawie Schoeman, Zastron**

Die verrigtinge is afgesluit met 'n skemerkelk by die veilingskrale. Vleissentraal bedank die boere vir hul ondersteuning.


**MODEL SLAGHUIS**

*Ons spesialiseer in*

Gerookte Varkboude
Skaap- en Varkribbes
Rookwors en nog vele meer

TEL. 188

Eien. G.J.J. Schoeman & G.J. Marais




---

# LEERSAME BOEREDAG

Dertig boere van Vanstadensrus en Zastron het op Dinsdag, 9 September in die Boeresaal op Vanstadensrus vergader vir 'n boeredag wat aangebied is deur BKB van Zastron.

Twee lesings is aangebied. Die eerste deur mnr. Hans Vosloo van Bokomo, Aliwal-Noord, oor die koste wat verbonde is aan voerpille. Omdat die meeste boere in die gebied in 'n verbete stryd teen die knellende droogte gewikkel is, het hierdie lesing besonder groot byval gevind.

Net so interessant was die volgende bydrae deur mnr. Joe Mathyssen van die Hoechst-maatskappy in Johannesburg. Hy het gepraat oor die navorsing in nuwe veemedisyne, die koste daaraan verbonde en die probleme om hierdie medisyne op die mark te kry.

Na die lesings, is daar gesellig verkeer en daar het die groot gesels eintlik begin. Dit was 'n leersame dag en baie dankie aan BKB.


# VINNIGE OPTREDE VOORKOM GROOT SKADE

Boere het weereens gewys waartoe hulle in staat is toe weerlig Dinsdagaand, 9 September, nie minder as vier veldbrande tegelykertyd in die omgewing van Vanstadensrus veroorsaak het nie.

'n Donderstorm, saam met 'n stofstorm, het die gebied laat die namiddag getref en in 'n ommesientjie was verskeie plase in ligte laaie. Veldbrande het op die plase Belmont, Quilemane, Babel en Vaalspruit voorgekom. Geen groot skade is aangerig nie, maar honderde hektaar weiding is afgebrand.

Boere het egter uit alle oorde op die brande toegesak. Op Vaalspruit het mnr. Neels Wilken in 'n gat water beland en op Belmont het mnr. Johnny Smith teen 'n hoë wal van 10vt afgeval.


*Soekie Venter*
*Eiendomsagent*
Tel. 72 alle ure


UNITED
ALLIED
SANTAM BEPERK

*SANTAM MULTIPLEX*

*Die wydste dekking onder een sambreel*

Lenings kan gereël word

Vrystaatse Lewendehawe
Gustavusstraat 24A
Posbus 6
ZASTRON


**Zastron**

Ook op die plaas, Papelotte van mnr. Tommie Jordaan het twee afsonderlike veldbrande vandeesmaand verwoesting gesaai en baie weiveld is afgebrand.

## "OPERASIE SKOONMAAK" GROOT SUKSES

Gedurende die Julie-vakansie is 'n skoonmaak-projek in die swart dorp, Matlakeng geloods.

Tweehonderd groot plastiese sakke is aan die kinders uitgedeel en na twee dae is al die sakke terug ontvang - vol papiere en plastiek wat rondgelê het.

Die kinders is vergoed vir hul samewerking op grond van die gewig van die sak. Daar dit 'n baie geslaagde projek word daar beplan om dit later weer te herhaal.


**MOOK MOTORS**

*U NOEM DIT, ONS DOEN DIT!*

**Skakel mnr. Swannie Swanepoel**
**Vanstadensrus tel. 11**

# ONTHOU DIE BESTUURDERSLISENSIE!

Vanaf 1 Oktober 1992 is elke persoon verplig om sy of haar Bestuurderslisensie byderhand te hou. Volgens die ou Ordonnansie kan u u lisensie binne 21 dae toon, maar vanaf 1 Oktober is dit verpligtend om op aanvraag u lisensie te toon. Volgens die nuwe padverkeerswet sal dit 'n oortreding wees as u nie dadelik u Bestuurderslisensie kan toon nie.

Mnr. G.M. Landman, Verkeersbeampte van Zastron, wil die volgende belangrike feite onder die lesers se aandag bring:


**NUWE MASJIEN SKEERDIENS**
***met opgeleide NWKV Skeerders***

Ook beskikbaar
***Klasser***
***Afrander***
***Wolgooier***
***Kragopwekker***

Vir die laagste pryse kontak

**HARRY PRINSLOO**
**TEL. SMITHFIELD 2731**


* Die Wet is van toepassing op alle houers van Bestuurders-lisensies, Leerlinglisensies of enige lisensie wat as 'n bestuurderslisensie beskou word.

* 'n Persoon wat pas sy Bestuurderslisensie ontvang het, mag slegs 'n voertuig onder die voorwaardes van sy leerlinglisensie bestuur tot tyd en wyl sy nuwe lisensie in sy identiteitsdokument ingelyf is.

* Indien die Bestuurderslisensie verlore raak of gesteel word, moet die houer van sodanige lisensie onmiddellik 'n verklaring by die Polisie aflê. Hulle sal dan 'n bewys van sodanige verklaring ontvang wat aanvaar sal word totdat die Lisensie teruggevind word. Intussen dal die Departement van Binnelandse Sake verantwoordelik wees vir die uitreiking van 'n duplikaat lisensie indien u lisensie verlore is.

# FORELDAG GAAN 'N FEES WEES

Op 10 Oktober bied die Forelklub 'n hengelkompetisie te Kloofdam aan. Almal is welkom om dit by te woon en beloof om pret vir oud en jonk te wees.

Die verrigtinge sal om 06h30 in aanvang neem en sal ongeveer teen 12h00 verby wees. Die inskrywingsfooi van beloop R10 vir volwassenes en R5 vir kinders. Groot pryse is op die spel.

Net soos verlede jaar, sal middagete verkoop word. Die ete sal bestaan uit 'n heerlike gebraaide hoender en slaai.

Dit sal beskikbaar wees vanaf 12h00 en kan ook as 'n wegneemete bestel word. Die ete-kaartjies kos R25 vir vier mense. Let Wel: Geen eetgerei word verskaf nie - onthou om u eie saam te bring!

Vir verdere besonderhede en ete-kaartjies skakel Andre Steyn, tel. 18, Gawie Schoeman, tel. 188 of Tossie Smith, tel. 6. Slegs 'n beperkte aantal etes sal bedien word, koop dus vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

# DIE KOEËL IS DEUR DIE KERK


**SQUARES**

***Meubileerders***
***Geskenkware***
Groot verskeidenheid
altyd beskikbaar
***Volvloermatte***
Gratis kwotasies
Werk gewaarborg
**TEL. 281**
**Posbus 21 Zastron**


Paul Lückhoff besoek Zastron op 3 Oktober met Die Koeël is deur die Kerk. Dit word opgevoer in die NG Kerksaal en kaartjies is by Zastron Bande, sowel as OVV-lede beskikbaar.

Paul Lückhoff stam uit 'n familie van predikante. Die dorpie Lückhoff, in die Suidwes-Vrystaat, is inderdaad na een van sy voorsate vernoem. Volgens alle verwagtinge moes hy dus ook die beroep gekies het, maar die lewe het hom op ander paadjies gelei ...... Hy weef hierdie goue draad regdeur sy reeks vertellings en voor die gehoor verkry sy ouers, broer, oupa, gemeentelede en familielede gestalte. Selfs 'n optelbrak raak so bekend dat die gehoor nie sal kan wag om te hoor wat van hom geword het nie.

'n Ieder en 'n elk op die platteland moet 'n punt daarvan maak om dit by te woon. Dit beloof 'n onvergeetlike aand te wees waarin u op ligte luim getrakteer word op lewenswaarhede, kwinkslae en lekkerlagstories.

# AKTUELE PRAATJIE VIR DIE VROU

Op Vrydag, 23 Oktober 1992 bied die VLU, in samewerking met die Afdeling Openbare Skakeling van die Polisie, 'n program in die Stadsaal aan.

Die spreker sal die gemeenskap toelig oor aspekte soos verkragting - wat staan my te doen in so 'n situasie of tydens 'n moontlike aanval, wat moet ek doen of dán nie doen nie. Mag ek sommer skiet en na ek geskiet het, wat dan?

Omdat hierdie aspekte deel van ons lewens geword het, word almal vriendelik genooi om hierdie oggend saam met ons deur te bring. Die koste beloop R5 en hierdie fondse word aan die Kankervereniging geskenk. Tee en verversings sal bedien word.

Die verrigtinge begin om 09h30 en kaartjies is beskikbaar by alle VLU-lede.

**Demonstrasie**

Tydens die afgelope maandvergadering is 'n baie interessante demonstrasie gehou en die dames het geleer hoe om 'n spieël te versier met materiaal. Mev. Bekker van Aliwal-Noord het ook die maak van lapblomme gedemonstreer en gewys hoe om dit saam met die oorgetrekte spieël in 'n vertrek te gebruik. Enige oorskietlap kan gebruik word, maar dit is veral treffend indien dieselfde materiaal as byvoorbeeld die gordyne gebruik word.

## TUINBOUKLUB

Vandeesmaand het 'n "doring" die rose kom leer en dit het groot byval gevind. Mnr. Hardus Hattingh het sy stokperdjie, die plant en versorging van 'n bonsai, met die dames gedeel. Hy het hulle onder andere gewys hoe om die boompies te snoei en het selfs 'n hele versameling van bonsai's saamgebring om van naderby te bekyk.

Na die praatjie, is verskeie boompies geplant en Hardus het met raad bygestaan en gehelp om die snoeiery te laat vlot. Onder sy bekwame leiding, kon elke lid later die middag trots huiswaarts keer met 'n eie bonsai.

## EVA'SFEES

Eva's self was die onderwerp van vandeesmaand se fees. Alta Heyns het die opwindende boek van Marieta van der Vyver, Griet skryf 'n sprokie, bespreek. Sy het baie moeite gedoen en selfs 'n opsomming van kuns kritici voorgelê. Hieruit blyk dit ongetwyfeld dat die boek 'n omwenteling in die Afrikaanse literatuur sal meebring.

Aansluitend daarby het ds. Nico de Klerk oor selfdifferensiasie gepraat, asook die veranderende rol van die vrou en welke geweldige invloed 'n mens se milieu op jou latere lewe het. Dankie aan Renske en Elma wat alles gereël het. Volgende maand is 'n sjampanje-ontbyt op die spyskaart.

## VREDESSAAMTREK VIR VROUE

Die Departement Kommunikasie Dienste nooi almal vriendelik uit na die stigtingsvergadering vir vroue wat vrede wil bevorder in die gemeenskap. Dit sal op Dinsdag, 20 Oktober om 17h00 in die stadsaal gehou word. 'n Interessante program word beoog en 'n ligte aandete sal ook bedien word. Belangstellendes word versoek om so gou as moontlik hul name vir mev. Megan Higgs, tel. 3703, te gee.

# KWINKSLAE VAN DIE KLEUTERS

Shaun (hy het Morné agter die nek beet en hou die rewolwer loop in sy rug): "Jy het die reg om stil te bly of te praat, maar as jy jou mond oopmaak, skiet ek!"

Le Roux (wys na sy los skoen): "Hier is 'n voetfout, maak dit reg asb."

Juffrou: "Wie kan onthou wat was Jonathan se seun se naam, vir wie Dawid gesorg het omdat hy verlam was?" Richard: "Ek kan onthou sy naam was Mefi Botha." (menende Mefiboset)

Die kleuters spog onder mekaar met hul mammas en enetjie (ons sal liewer nie haar naam noem nie!) sê: "Ag, my ma kan tog haar tande by haar voete neersit!"


Bradley sit op Juffrou Marietha se skoot. Hy knyp sy oë styf toe en sê: "Me gone."

Die huishulp in die De Klerk-huishouding se naam is Dina en Sunica sê sy eet in die oggende Dina-pap.

**Die Wilde Woordeboek**

Wat is 'n kosyn? Pieter: "Jy sit koeëls daarin, dan skiet jy!"

Wat is 'n Prinsipaal? Nonnie: "Dit is 'n paal waarmee prinse veg!"



WACKO'S
VIR VIDEO'S
Tel. 246
Reichenbergstr. 72
(Langs die Poskantoor)



DIE OOG BAKKERY

*Probeer gerus ons*
*Vars Brood, Banket*
*Wegneemetes en Teekamer*
Ons wil u graag bedien
Bestuur:
Hans en Marie Botes
Martina Botes & Elize Steyn
TEL. 584

## DIE KERK DEEL GELD UIT!

Verbaas en oorbluf is eintlik 'n swak beskrywing vir die reaksie van die gemeentelede van Zastron N.G. Kerk, toe hulle tydens die Nagmaal hoor dat daar geld by die deure beskikbaar sal wees! Vir sommige was dit te goed om waar te wees en kon hulle hulself nie sover kry om geld uit die kollektebord te neem, pleks van in te gooi soos die gewoonte is nie! Sonder enige kontrole is op hierdie wyse ongeveer R4 500 uitgedeel. Nou is die groot vraag of dit tydens die volgende Nagmaal op 15 November verhaal gaan word?


**Sanlam**

**Waar u toekoms tel**

Boedel & Aftrede beplanning
Belasting besparing
Beleggings & Finansiering
Versekering

Plaaslike Verteenwoordiger
**DAPPER DE WET**
**TEL ROUXVILLE 143**
**Kantoor ure (08h00 - 13h00)**


Die twee leraars voel baie positief. Daagliks word daar gehoor van "projekte", "entrepeneurskap" en "beslote korporasies." Daar word gewoeker met appels, "fudge", koeksisters, beeste, pyl en boë, 'n sjampanje-ontbyt en nog vele meer. En nog nêrens is gehoor van iemand wat sy geld gaan begrawe het nie!

## BASAAR 1992

'n Heerlike basaar is gehou op Vrydag, 28 Augustus en ten spyte van die koue en 'n swak ekonomie is groot fees gevier.

Reeds lank voor die amptelike opening het 'n gesellige atmosfeer in die kerksaal geheers. Daar was eetgoed te kies en te keur en tradisionele speletjies het die kinders vermaak terwyl die laaste afrondingswerk gedoen is. Die basaarkomitee het vanjaar 'n hele klomp nuwighede ingebring. Byvoorbeeld werkende mense is ook tegemoet gekom, elke wyk het net vir sy eie tafel gewerk.

Die uitstaande kenmerk van vanjaar se basaar was die ongetwyfeld die inisiatief wat mense aan die dag gelê het. 'n Hartlike woord van dank aan Andrew en Petro van der Merwe, die komitee en sameroepers vir hul aandeel, ywer, entoesiasme wat daartoe gelei het dat baie mense die Here kon dien op hierdie wyse.

### FEESBLAD

Die feeskomitee van die N.G. Kerk Zastron soek 'n voorblad vir hul feesblad wat die periode 1893 - 1993 insluit. Enige persoon is welkom om met 'n kunswerk vorendag te kom en dit by die Kerkkantoor in te handig. Die sluitingsdatum is 30 Oktober. 'n Prysgeld van R100 is op die spel indien 'n ontwerp aanvaar sal word.

'n Spesiale versoek word ook gerig om enige ou foto's van kerkbedrywighede of ander nuusbrokkies beskikbaar te stel vir gebruik in die feesblad. Dit kan ook by die kerkkantoor ingehandig word en sal weer aan u terugbesorg word.

## DOGTERS VERRAS OOR HUL MOOI HUIS

Die Barmhartigheidsdiensgroep van die N.G. Kerk Zastron het vandeesmaand die Emily Hobhouse-huis van die Kinderhuis te Ladybrand gaan verfraai.

Zastronners het hul harte oopgemaak en die diensgroep instaat gestel om 'n "nuwe" tuiste vir die dogters te skep. Van vroegoggend af is daar gespook om alles reg te kry voor die kinders uit die skool kom en dit was veral 'n "openbaring om ds. Paul op sy knieë te sien rondkruip!"

Nietemin die werk was die moeite werd, want die dogters was stom van verbasing oor die verandering. By elkeen se bed is ook 'n persoonlike handdoekie en waslap geplaas wat miskien vir die meeste van ons 'n alledaagse gebaar is. Die dogters wou egter weet of hulle dit weer as 'n geskenkie aan iemand anders moet gee. Toe daar egter aan hulle verduidelik is dat dit nou hul eie is en met niemand gedeel hoef te word nie, was die ongeloof en die dankbaarheid so groot dat die Zastronners wat teenwoordig was, met 'n knop in die keel huiswaarts gekeer het.


**MULTIMARK**
Reichenbergstr. 30
**ZASTRON**

**Algemene Handelaar**

**TEL. 10**


## "FLOWER EXTRAVAGANZA OF GODS CREATION"

Die Womens Auxiliary van die Metodiste Kerk, Zastron, nooi uit vriendelik uit om vanaf 10h00 die Extravangza in die kerk te kom besigtig.

Om 18h00 sal 'n kort musiekuitvoering plaasvind en die nasionale president, mev. Raye Cullingworth van King Williamstown sal 'n kort praatjie hou.

Die verrigtinge word afgesluit met ligte verversings in die Biblioteeksaal en 'n silwer kollete sal gehou word.

# DIE EIERMARK

## Naude's Pluimveeboerdery

OPEN

# 1 OKTOBER 1992

TE

# ZASTRON SLAGHUIS

---

***EIERS NOU BESKIKBAAR TEEN GROOTHANDELPRYSE DIREK AAN DIE PUBLIEK***

**PRYSE VANAF R2.86 PER DOSYN**
**BTW INGESLUIT**

Medium - R2.86/dos ......... R42.90/15 dos
Groot - R3.08/dos ......... R46.20/15 dos
Ekstra groot - R3.20/dos ......... R48.00/15 dos

**NAVRAE: 05542 - 20**

# LENTEFEES VIR GRYSWYSES

Op 8 September is die lente luisterryk gevier te Huis Vergesig en vir die "moeë" leidster, Elsabé Jordaan was die dag 'n groot verrassing. Fraaie ruikertjies vol spitsvondigheid is aan die leidster, die musiekmaker, Ronelle Burger en beminlike matrone Tait oorhandig. "Liefdes-ruikertjies" is oor al die lede gestrooi, want blomme is maar skaars.

Natuurlik was dit ook 'n kuierfees soos min!





Heleen Snyman het by Rietfontein se leidam gekuier, Nibs Pears, ons eie Liberace het die klavier getokkel, waarna ons eie nagtegaal Mollie Coetzee en haar láng begeleidster, Marwil van Hasselt almal na hul asems laat snak het. Lena Hoffman het die gaste laat skater met haar eerste kennismaking met 'n telefoon ......

Nadat tant Annatjie van der Walt afgesluit het met gebed, het mens onwillekeurig gedink aan Christo se opening: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou." Ps 91:2

Heerlike, keurige fyn eetgoedjies is saam met die teen bedien - inderdaad 'n lentefees soos min.

Opregte dank aan die komitee wat hierdie maand die fees so pragtig aangebied het: Christo en Issie Groenewald, Marie van Tonder, Johanna Mienie, Lena Hoffman, Nettie Henning en Susan Swanepoel.


**J. FOUCHE & KIE**
*Prokureur*
Volkskas-gebou Tel. 259 (Z)
Zastron Tel. 5 (R)

**BELEGGINGS**
*Verbande en Finansiering*
**BOEDELBEPLANNING**
*Testamente en Boedelberedderaars*
**EXACTAX**
*Inkomstebelastingdienste*
**EIENDOM**
*Verkope en Verhuring*
**VERSEKERING**
*Makelaarsdienste*


# A D V E R T E N S I E S

Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner, Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste beloop R5 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5 kos. Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.


**SPRINGBOK KAFEE**
**TEL. 46**
*Ons lewer 'n Eenstop-diens*
**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**
*Ons bak daagliks*


**TE KOOP**

Ideale waghondjies te koop. Bulterriers gekruis met Rottweilers. Gebore 7 Augustus 1992. Prys R100. Skakel alle ure Aliwal-Noord, mev. Jacobs tel. 3021.

Toyota 4-tol omkapmasjien te besigtig by Santa se winkel. Prys R950. Vir verdere navrae skakel Zastron 2730.

Fresh farm eggs R3 a dozen, Seedlings (flowers and vegetables) R3 a tray, Pidgeons R20 a pair, Budgies R10 each, Lovebirds R18 each. Contact mnr. H. Dixon, phone 64 Zastron.

**GESOEK OM TE KOOP**

Ek soek 'n tweedehandse klimraam en glyplank vir kinders om buite op te speel. Skakel tel. 130 of 500 alle ure.

**Algemeen**

Soek u 'n huis om te koop, verkoop of te huur? Skakel Santie Kühn, tel. 125.

Skoonheidsbehandelings!!!! Kom kry daardie gesig en lyfie weer mooi vir die somer ...... Wasontharing ook beskikbaar. Navrae: Anlie Smith (Skoonheidsterapeut), tel. 2313

# SKOLENUUS

## ZASTRON RUGBYKLINIEK

Die dagbestuur van die Zastron Rugbykliniek is op 16 September by die Hoërskool Zastron verkies. Die ampsdraers is as volg: Voorsitter - Alex van Zyl, Vise-Voorsitter - Rassie Breytenbach, Sekretaris - Fanie Jonker, Penningmeester - Chris Crous. Kundige persone uit die gemeenskap sal by die komitee betrek word om die reëlings te laat vlot.

'n Grondwet is ook by hierdie geleentheid aanvaar. Die skool sal 'n beduidende rol in die organisasie, beplanning en kontrole speel. Die skool sal 'n verteenwoordiger op die dagbestuur hê en twee verteenwoordigers op die reëlingskomitee. Die fondse sal in 'n kontra-rekening van die skoolfonds gestort word. Die aanwending van hierdie fondse sal deur die Zastron Rugbykliniek-komitee beheer word. Geouditeerde state moet jaarliks aan die komitee voorgelê word.


Persone wat die komitee behulpsaam kan wees, kan mnr. Alex van Zyl of Pierre Rochér skakel. Hierdie is 'n poging waar die skool en ouergemeenskap hande gevat het tot voordeel van die skool en gemeenskap. 'n Woord van dank aan die ou komitee vir die reuse bydrae wat hulle gelewer het.

## ATLETIEK

'n Uitnodigingsbyeenkoms word op Saterdag, 17 Oktober op Zastron aangebied. Skole wat reeds aangedui het dat hulle aan die byeenkoms gaan deelneem, is die volgende: Sand du Plessis Hoërskool, Jim Fouché Hoërskool, HTS Louis Botha, Louw Wepener, Rouxville, Bethulie, Excelsior, Ladybrand en Grey Kollege primêr.

Persone wat as beamptes kan optree, moet asseblief met die skool in verbinding tree. Ons is afhanklik van u ondersteuning.


RENDEZVOUS GEBRUIKTE MOTORS



LADYBRAND

TEL. 2936/2729

NA URE: T. Nel 2441
B. Naude 2720
L. Steyl 40821
E. Lehasa 40088

| | |
|---|---|
| 1992 Toyota Corolla 1.6 GL 20 000km | R37 400 |
| 1992 Nissan Sentra 1.3 8 000 km | R28 050 |
| 1991 Opel Cub 140 36 000 km | R25 300 |
| 1991 Nissan Sentra GXE Coupe 28 000 km Air/c | R36 025 |
| 1991 Honda 150 12 Valve + Air/c | R40 500 |
| 1990 Nissan Sentra SGL-I + Air/C 69 000 km | R29 700 |
| 1989 Sapphire 2 lit GLE Full House | R31 500 |
| 1989 Toyota Cressida 3.0 I. Ext. + Ser/v | R52 000 |
| 1988 BMW 520 I. Man + Air/C | R29 500 |

| | |
|---|---|
| 1988 Jetta CL-I + Leather Seats Serv/R | R29 920 |
| 1988 Citi Golf | R18 600 |
| 1986 Nissan Langley 1500 | R13 200 |
| 1992 Mazda 1800 Drifter + Canopy 9 000 km | R35 500 |
| 1991 Mazda 1800 31 000 km | R29 800 |
| 1990 Toyota Hi-Lux 1800 SR. 46 000 km | R31 000 |
| 1990 Rustler 1400 LDV | R20 500 |
| 1986 Mazda 1.3 L Sed. As is | R12 200 |
| 1984 VW Kombi 1900 Water Cooled As Is | R12 000 |

# LAERSKOOL-TENNIS

Die Laerskoolspan het vanjaar bestaan uit Adéle van Rooyen, Sunel Lourenco, Janine de Kock, Inge Schoeman, Marlee van Tonder, Sarien Church, Henri de Beer, Ruan van Rooyen, Jupy Swanepoel, Francois Crous, Chris de Wet en Jaco Bekker.

Hulle het kragte gemeet met Wepener, Rouxville, Smithfield, Dewetsdorp en Ladybrand. Verskeie wedstryde is deur individue gewen. Ten spyte van sterk teenstand, het hulle oor die algemeen goed gevaar en het hulle die tennis geniet, aldus hul afrigter, mev. Charmaine Smith.

# DRILPELOTON - DOGTERS


Die 25 dogters, met Izanne Roos as drilsersant, het hierdie jaar uitstekend gevaar en die kompetisie te Ladybrand gewen.

# STOEIERS WYS HUL SLAG

Stoeiers van Zastron het weer gedurende die jaarlikse Vrystaat geslote Stoeikampioenskappe getoon dat hulle hul plek in die stoei kan vol staan en het altesaam agt medaljes verower.

Die volgende stoeiers het plekke behaal: Gawie Kruger (goud), Harm Steyn (goud), Jean Fonternel (goud), Sarel Dry (silwer), Frans Labuschagne (brons), Werner Rautenbach (brons), Willie de Wet (brons) en Uys Fourie (brons.)

NESNA
Voortrekkerstr. Zastron
TEL. 516
Coronation Stene
Hardeware
Deure & Vensters
Hout & Sink & Glas
Spesialiste in
Vadek
PAINT / VERF



Op Saterdag, 12 September het dié Zastron-stoeiers aan die kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem.

## ONS TAALHOEKIE

Hier is 'n nuwe Oog op Zastron, die Oog-kafee regoor die Maluit Hotel; met my oog herken ek ook die berg se oog: vier oë! Dan sien ek jou onder vier oë! Al is die boorgatmasjien op die regte oog geplaas.

Nou die aand op die makietie, waar daar gejol en getol is, op maat van oom Piet se kitaar, sê Danie aan Fanie: "Ou Maat, ek eye daardie nuwe aster." "Ou Pêl, ek aai haar lankal!" Manie piep net betyds in: "Toemaar pelle, ek het haar al skuinsoor gesny; sy is myne! Sy is vir julle twee jonk dood - neusie verby!"

Marcus Aurelius het in die jaarvroeg die oogwysheid kwytgeraak: Die werk van die oog is om die sigbare wêreld te sien en nie om te kla as alles nie groen is nie! Jy lees, dan het jy gelees -
by die een oog in, by die ander uit.

Langenhoven skryf mos toe hoe Goliat se oog te groot vir sy maag was: Klein Jat was die seun van Goliat. En Goliat sê: Jat ek is hol, Jat. En Jat vang 'n bees; en die bees was gewees. En Goliat sê: Jat, ek is vol, Jat. - **OMIE**

GREYLING-
VERVOER
bied aan
Algemene vervoer van
tien ton vragte
* Lewende Hawe
* Meubels landwyd
(Toe vragte)
Vir meer inligting skakel
KOOS GREYLING
TEL. 3302 ZASTRON

# DRIEKAMP

Alhoewel daar net 16 deelnemers aan die Driekamp, wat in samewerking met die N.G. Kerk Basaar gereël is, deelgeneem het, was daar baie opwinding. As gevolg van die ongure weer en griep het heelwat deelnemers gekanselleer, maar op 28 November is daar weer kans om kragte te meet.

Die roete het deur die dorp gestrek en veral die opdraende na die hospitaal het deelnemers harde bene laat kou. Dit was geen vreemde gesig om te sien dat fietsryers maar naderhand hul fietse gestoot het nie!

Baie geluk aan Muskiet van Blerk met sy oorwinning in 30 minute 9 sekondes. Die ander uitslae was as volg: 2. D. van Heerden 31:18, 3. J. Aucamp 33:28. 4. R. Fouche 35:19, 5. R. Brüning 38:56, 6. K. Steenkamp 40.59, 7. Chris de Wet 41.02, 8. Louis Muller 42.08, 9. D. Cusens 42.09, 10. P. de Wet 43.20. In die dames-afdeling: 1. C. Smith 42.57, 2. K. Calitz 42.37.

# ZASTRON GHOLFKLUB

Op 5 September het Volkskas Bank die gholfdag geborg en te midde van sterk wind, het die spelers goed gevaar.

Die uitslae was as volg: 1. Paul de Witt +4, 2. D. Schwartz +4, 3. G. Aitken +3, 4. B. Shaer +2, 5. H. Meyer +2, 6. L. van Rensburg +2 In die dames-afdeling 1. M. Viljoen -2, 2. S. Cusens -4, S. Louw -16 het 'n troosprys ontvang.

Dankie aan Anton Lamprecht en sy span vir 'n lekker dag. Die braaivleis was puik.

Geluk ook aan Paul de Witt wat weer vir die Suid-Vrystaatspan gekies is. Dié span kon ongelukkig nie die mas teen Sentraal-Vrystaat opkom nie en het 10 - 6 verloor.

**Volmaakte gelukskoot**

Tydens die Haddons Papier Borgdag op 18 September het van die Zastronners op Schoemanspark in Bloemfontein gaan speel. Redge Henning en Dermott Cusens eindig elfde uit 34 pare en Gawie Schoeman en Elmo Cusens dertiende. Elmo Cusens slaag ook daarin om 'n volmaakte gelukskoot op die sesde putjie te speel. Aanhouer wen, is inderdaad op Elmo van toepassing, want dit is die eerste volmaakte hou in sy gholfloopbaan van vyftien jaar!

# DUIWE-UITSLAE

Op 1 Augustus het Jaar Oue Duiwe vanaf Leeu Gamka 'n afstand van 557 km afgelê. 1. D. van Zyl, 2. K. van Wyk, 3. A. van der Merwe, 4. K. van Wyk, 5. H. Hattingh.

Op 15 Augustus is daar vanaf Prins Albert gevlieg: 1. D. van Zyl, 2. en 3. A. Scorrano, 4. en 5. D. Fouche.

Op 22 Augustus is daar weer vanaf Prins Albert gevlieg. Die afstand was 592 km en dit was 'n ope kompetisie: 1. W. van Vuuren, 2. D. van Zyl, 3 en 4. D. Fouche, 5. D. van Zyl.

Daar is op 29 Augustus vanaf Matjiesfontein met jaar oue duiwe gevlieg. 1. D. Fouche, 2. A. Scorrano, 3. J. Kruger, 4. D. Fouche, 5. H. Hattingh.

Op 5 September was dit weer 'n ope afdeling vanaf Matjiesfontein en die afstand was 696 km. 1 en 2. D. Fouche, 3 en 4. K. van Wyk, 5. H. Hattingh.

Jaar oue duiwe het weer op 12 September vanaf Touwsrivier gevlieg - afstand 747 km. 1. en 2. D. Fouche, 3. K. van Wyk, 4. D. van Zyl en 5. D. Fouche

ZASTRON

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*

HONORE ET INDUSTRIA

**HIER VIND U**

***Ongeewenaarde natuurskoon en puik ontspanningsgeriewe***
***Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse***
***Munisipale dienste teen besonder billike tariewe***
***'n Gesonde, gematigde klimaat***
***Puik woonwapark***
***Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes***
***Puik hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede***

**KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER**

Vir nadere besonderhede kontak
**DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950**
**Tel. (05542) 18**